ROMACO Ranch
THE ULTIMATE WILDLIFE EXPERIENCE

# JAGREËLS

*PLASE: GEMSBOKFONTEIN, VLAKFONTEIN, EN GLENTIG*

1. Niemand mag 'n vuurwapen op die perseel hanteer sonder die toestemming van die eienaar of sy gevolmagtigde en sonder die teenwoordigheid van n goegekeurde professionele jagter en/of jaggids nie.

2. In die teenwoordigheid van ander persone mag 'n vuurwapen op 'n voertuig slegs gelaai word wanneer aangelê word na 'n dier, en nie voor die tyd nie. Die vuurwapen moet na die aanlê weer ontlaai word.

3. Alle vuurwapens en ammunisie moet voor en na elke jagtog in die wapenkluis toegesluit word.

4. 'n Jagter aanvaar volle verantwoordelikheid vir die persoonlike veiligheid en – optrede van enige nie-jagter wat hom/haar vergesel, en so 'n persoon is onder die gesag van die professionele jagter en kan by wangedrag die jagveld of plaas verbied word.

5. Enige jagter of nie-jagter wat enige wetgewing met betrekking tot jag oortree, is alleen daarvoor aanspreeklik.

6. Alle persone betree die perseel geheel en al op eie risiko.

7. GEEN ALKOHOLIESE DRANK MAG VOOR OF GEDURENDE DIE JAG DEUR VOORNEMENDE JAGTER GEBRUIK WORD NIE.

8. STERK DRANK MAG ONDER GEEN OMSTANDIGHEDE AAN GIDSE OF WERKNEMERS VERSKAF WORD NIE.

9. Die onus rus op die jagter om te besluit of hy die skoot gaan aftrek en om seker te maak dat die regte dier op die perseel geskiet word. Indien die jagter roekeloos of onnodig skiet en sodoende enige skade aan roerende of onroerende eiendom of bome en plante aanrig, sal sodanige jagter ten volle aanspreeklik wees vir die skade daaraan.

10. **<u>Kwes- en mis skote</u>** : a) Kwesskote word getel asof die dier gejag en gevind is volgens die uitsluit like diskressie van die jaggids.

    b) Die professionele jagter het die reg om 'n dier wat gekwes is dood te skiet.

    **c) DIE JAGTER BETAAL 'n BEDRAG VAN R114 VIR ELKE MISSKOOT WAT HY IN DIE JAGVELD AFVUUR, ONGEAG OF DIE DIER REEDS GEKWES IS.**

11. Gratifikasie-fooie na die jag word verwelkom, maar omkoopfooie wat privaat en sonder toestemming aan werknemers gegee word om kwes- en misskote te verswyg, sal deur werknemers aan die eienaar oorhandig word wat die bedrag sal verdubbel en die omkoper 10 maal sal beboet.

12. Geen vure mag aangesteek word, behalwe by die voorgeskrewe plekke nie.

13. Jagters erken hiermee dat hulle ten volle op hoogte is met alle kostes en in vermoë is om dit op aanvraag te betaal.

14. Enige klagtes of eise moet skriftelik van kennis gegee of geloods word voordat die plaas verlaat word, anders ontken die eienaar aanspreeklikheid en verantwoordelikheid.

EK, DIE ONDERGETEKENDE, STEM ONVOORWAARDELIK TOE TOT BOSTAANDE REËLS, VOORWAARDES EN KOSTES EN SPREEK ROMACO RANCH / PLANT RANCH, SY EIENAARS, AANDEELHOUERS EN WERKNEMERS VRY TEEN ENIGE EISE IN GEVAL VAN LIGGAAMLIKE BESERINGS AAN SELF OF GESELSKAP OF EIENDOM TERWYL EK OP DIE PERSEEL IS.

NAAM : ______________________ GETEKEN: ______________________ DATUM: ______________________

T | 0126634114
F | 0126634114
E | davey@webmail.co.za

P | Box 14276
Lyttelton
0140